Simoné Steenberg

Graad 5

Laerskool Randhart

Tema: Ag, as mense maar net…

Onderwerp: ‘n Nagmerrie-aand op vakansie

**‘n Nagmerrie-aand op vakansie**

Ek gee op! Dit maak nie saak hoeveel skape ek tel nie, dit werk nie! Ek trek al by nommer vyfhonderd en iets…

Die krieke tjirp-tjirp saam in ‘n koor buite my kamervenster. Pappa snork so hard dit klink of hy ‘n hele woud plat saag en die muskiete zoem om my kop! Hoe gaan ek nog ‘n aand hier kan bly? Hierdie knopperige bed is aaklig! My nek is stokstyf en my kussing is papnat gesweet!

Skielik sien ek iets kriewel teen die muur. ‘n Harige monster met bloedrooi oë wat reguit vir my kyk. Sy bene lyk soos lang, swart vingers wat aflos hardloop… en ek is die wenstreep! My hele lyf voel verlam en my keel is so droog soos ‘n rosyntjie wat te lank in die son gelê het.

“Help!” gil ek, maar daar kom nie ‘n geluid uit my mond uit nie!  Ag, as mense maar net weet hoe bang ek vir ‘n spinnekop is!

Aantal woorde: 160